Maandag
Mat. 6:9 -15; Mal. 1: 1 -3, 6 – 8, 2:17; Kol. 1: 21 – 23. Teks: Matteus 6:12 "en vergeef ons ons skulde soos ons ook die vergewe wat teen ons oortree." Tema: Christus laat ons mense vergewe om weer lief te hê. Wanneer laas het u iemand wat u regtig kwaad aangedoen het vergewe? Van harte en bewustelik! Het u al gewonder hoekom doen ons die so min? Seker een van die diepste redes hoekom ons dit nie nodig vind om mense te vergewe nie, is die geloofshouding wat Israel in die tyd van die profeet Maleagi ingeneem het. 'n Geloofshouding waarvan die Here sê dat hierdie houding Hom as God moeg maak: " Deur te sê: “Almal wat verkeerd doen, is goed in die oë van die Here, teenoor hulle is Hy goedgesind." (Mal. 2:17) Wat is hierdie geloofshouding? Dit is nie 'n ontkenning van dinge wat verkeerd gedoen word nie. Mense se verkeerde optredes word openlik erken in die woorde “almal wat verkeerd doen.” Wat ontken word in hierdie houding is dat mense verkeerde dade uit sondige bedoelings voortkom! Hierdie geloofshouding klink so: “Hulle het verkeerd gedoen, maar 'n mens kan en moet dit reg verstaan. Hulle bedoel dit nie sleg nie en hulle is nie sleg nie. Hulle is eintlik baie goeie mense en het dit goed bedoel! God sien hulle dade as goedbedoeld en hulle as goeie mense, daarom bly God teenoor hulle goedgesind, al doen hulle verkeerde dinge.” Wat gebeur met hierdie geloof opvatting? Sonde word ontsondig as goedbedoelde foute! Jy maak van sonde goedbedoelde foute wanneer jy glo dat mense net deur moeilike omstandighede, verkeerde invloed, druk en moegheid verkeerd opgetree het, met goeie bedoelings. Só maak mense van sondes goedbedoelde foute. En foute word verskoon nie vergewe nie! Ons verstaan sondes as foute sodat ons mense net hoef te verskoon en nie hoef te vergewe vir sondes nie, en ons ook net verskoon en nie vergewe hoef te word nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Dinsdag
Mat. 6:9 -15; Mal. 1: 1 -3, 6 – 8, 2:17; Kol. 1: 21 – 23. Teks: Matteus 6:12 "en vergeef ons ons skulde soos ons ook die vergewe wat teen ons oortree." Tema: Christus laat ons mense vergewe om weer lief te hê. Ons maak baie foute en foute is nie sonde nie. Foute is iets wat verskoon kan word omdat dit net foute is. U mag nie in Maleagi hoor dat foute is nou skielik sondes nie en jy moet foute as sondes bely nie. Die saak is presies net die teenoorgestelde: dit gaan oor sondes wat voorgehou word as net foute. Om sondes te ontsondig asof dit net foute is, is iets anders as om foute te maak. Daarom is om foute te verskoon totaal iets anders as om iemand se sondes te vergewe. Wat is die verskil? In die Here se gebed leer Hy ons dat ons God moet vra om ons skuld te vergewe soos ons ook ons skuldenaars vergewe. Hierdie skuld is werklike sondeskuld. Volgens die Matteus evangelie is dit die skuld deur ons ongeregtigheid. Dit gaan die doelbewuste oortreding van die wet van God. Ongeregtigheid is kwaad wat as kwaad bedoel word. En dit is wat die Here in Maleagi so moeg maak! (Mal. 2”: 17) Mense erken en herken nie sonde wat hulle aangedoen word as sonde nie: as onreg en bedoelde kwaad nie. Hulle maak altyd asof dit net ŉ fout met goeie bedoelings gedoen is. En daarom vergewe ons mense so regtig so min! Want ons verskoon hulle sondes as sommer net goedbedoelde foute. En ŉ mens vra nie om vergifnis vir foute nie. Jy sê net jammer, vergoed vir die skade en dan is als verby. Die geloofshouding in Maleagi werk dan só: “Mense se sondes is net foute. Dit is nie iets waarvoor mense mekaar hoe te vergewe nie.” Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Woensdag.

Mat. 6:9 -15; Mal. 1: 1 -3, 6 – 8, 2:17; Kol. 1: 21 – 23. Teks: Matteus 6:12 "en vergeef ons ons skulde soos ons ook die vergewe wat teen ons oortree." Tema: Christus laat ons mense vergewe om weer lief te hê. Die geloofshouding sondes is maar net goedbedoelde foute, is ʼn poging om ʼn magsgreep te kry op sonde: dit wil sonde as sonde ontsondig. Maar sonde is sonde en bly sonde! Dit is nie sommer net 'n goedbedoelde misstappe nie. Sonde is berekende kwaad wat as kwaad bedoel word. Jaloesie is besitlikheid wat bedoel word as besitlikheid. Vyandskap en haat is bedoelde kwaadwilligheid. Sedeloosheid en bandeloosheid is bedoelde liefdeloosheid. Hooghartigheid, aanmatiggendheid en verwaandheid is bedoelde vernedering en minagting. Deur van sondes foute te maak, ontsondig mense sondes en ontken hulle dat hulle mense krenk en die lewe vermink. Wat gebeur dan wanneer die werklikheid jou tref dat hierdie kwaad het jou so gekrenk en vermink dat jammer sê niks help nie en dit nie reg gemaak kan word nie? Die verbitterde reaksie wanneer hierdie harde werklikheid jou tref, het die mense in die tyd van Maleagi so verwoord: "Waar is God wat oordeel?" in die 1983 vertaling is dit so gestel: "Waar is die God wat reg moet laat geskied?" Hierdie is twee kante van dieselfde geloofshouding: "Alle mense wat verkeerd doen, is goed in die oë van die Here", en "Waar is God wat reg moet laat geskied?" As daar nie iets soos sondige mense is nie, mense wat kwaad bedoel en bedoel om te krenk, te vermink, te verniel en te vernietig nie, waar kom die al die ellende in ons lewe en in die wêreld dan vandaan? En dit is wat u hoor in hierdie mense se hatige, minagtende en eie matige houding teenoor God: alle mense is goedbedoeld, dit is net God wat kwaadwillig is want Hy laat nooit reg geskied nie. U kan nêrens ʼn beter beskrywing kry van die geloof van humanisme nie: mense bedoel altyd alles goed maar maak maar net foute, maar God is ʼn kwaadwillige God wat al die krenking en verminking veroorsaak, en daarom moet ons God en godsdiens uit die wêreld weg kry. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag

Mat. 6:9 -15; Mal. 1: 1 -3, 6 – 8, 2:17; Kol. 1: 21 – 23. Teks: Matteus 6:12 "en vergeef ons ons skulde soos ons ook die vergewe wat teen ons oortree." Tema: Christus laat ons mense vergewe om weer lief te hê. Mense wat in hul eie en ander se goeie bedoelings glo, vergeef nie en wil nie vergeef nie, want hulle glo ook nie in vergifnis deur God nie. Hoekom glo hulle nie in God se vergifnis nie? Want hulle glo nie in sy liefde nie! Dit stel Maleagi só: "Ek het julle lief," sê die Here, maar julle vra: "Hoe het U ons lief?" (Mal. 1:2) ʼn Dieper minagting vir God se liefde kan daar nie wees nie, as deur sy liefde te bevraagteken. Met hierdie bevraagtekening van God se liefde bevestig hulle hulle eie oortuiging dat God die rede vir hulle ellende is. Hulle stel daarmee dat God hulle nie liefhet nie maar al die kwaad in hulle lewe veroorsaak. Omdat hulle God se liefde verwerp, minag hulle ook sy vergifnis! Dit beskryf Maleagi in hoofstuk 1: 1 tot 14. Geen respek vir God nie: "ʼn Seun respekteer ʼn vader en ʼn dienaar sy heer, waar is die respek wat My toekom?" (Mal.1:6) Die Here se liefde word geminag in die offers. Die offers was tekens waarin God sy liefde met seremonies gewys het, dat God hulle nie straf en laat boet vir hul sondeskuld (nie, maar ʼn ander offer vir hulle in hul plek vir hul gee. (Mat.6: 12) In hierdie offers moes hulle sien dat God hulle vergewe sodat Hy hul steeds kan liefhê. Offers was tekens van die evangelie van Jesus Christus. (Kol. 1:17) Deur hierdie offers te minag met die gee van verminkte en siek diere, het hulle God se vergifnis en liefde geminag. Hulle het die tekens van God se vergifnis verdraai asof dit fooitjies is vir ʼn afhanklike God wat die oorsaak is van al die ellende in die lewe tussen goedbedoelde mense.

En swak fooitjies wys hoe swak God in sy liefde is: dit wys Hy is kwaadwillig met goedbedoelde mense. Dít terwyl God met die offers wys Hy skenk vergifnis vir kwaad bedoelde sondes sodat sondaars in sy liefde kan leef. Hy skenk vergifnis aan slegte mense met slegte bedoelings om hulle steeds lief te hê. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Vrydag
Mat. 6:9 -15; Mal. 1: 1 -3, 6 – 8, 2:17; Kol. 1: 21 – 23. Teks: Matteus 6:12 "en vergeef ons ons skulde soos ons ook die vergewe wat teen ons oortree." Tema: Christus laat ons mense vergewe om weer lief te hê. Dit is wat ons in Christus moet ontdek! Sy vergifnis is dat Hy die offer is vir slegte mense met slegte bedoelings. Mense wat doelbewus vyandig teenoor God as God is. Christus sterf vir sondes wat bedoel is om sondes te wees, nie vir goedbedoelde foute nie. (Kol. 1: 21 – 23) Vergifnis in Christus, soos uitgebeeld in die seremonies van offers in Maleagi, maak sondaars vir God se liefde, heilig sonder smet en onberispelik. Só maak God slegte mense met slegte bedoelings weer reg vir sy liefde. God se vergifnis is om die mag van kwaadwillige dade te verbreek, deur dit te vergewe. God maak nie verskonings vir ons sondes deur goeie bedoelings daaraan toe te dig nie. Christus sterf vir gemeenheid wat as gemeenheid bedoel word, vir haat en vyandskap wat bedoel word, vir sedeloosheid en losbandigheid wat bedoel word, sodat hy ons vir sy liefde kan heilig. Wie heilig hy vir sy liefde? Mense wat geneig is tot sonde – om sonde as sonde te bedoel! Daarom is vergifnis as daad waarin ons mekaar vir bedoelde kwaad vergewe, ŉ geloofsdaad. Uit my geloof dat ek vergewe is deur nie die offer te wees, te moet boet en vergoed vir my bedoelde sondes nie, uit my geloof dat ek vergewe is om heilig vir God se liefde te bly, vergeef ek! Ek vergewe sodat ons vir mekaar in Christus se vergifnis vir mekaar se liefde behoue kan bly! Ons glo god vir die liefde wat Hy in sy offer wys (Mal.1: 2) sodat ons vir mekaar kan sê: "Ek vergeef jou sodat ek jou kan liefhê." Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Saterdag ekstra
Mat. 6:9 -15; Mal. 1: 1 -3, 6 – 8, 2:17; Kol. 1: 21 – 23. Teks: Matteus 6:12 "en vergeef ons ons skulde soos ons ook die vergewe wat teen ons oortree." Tema: Christus laat ons mense vergewe om weer lief te hê. Hoe verskil die geloofshouding "almal wat verkeerd doen, is goed in die oë van die Here", van die geloofsdaad – "Ek vergewe jou vir jou kwaad bedoelde sondes teen my?" Die geloofshouding dat alle sondes is net goedbedoelde foute, is nie ŉ houding om mekaar lief te wil hê nie. Dit is ŉ magshouding wat só werk: "Ek skryf goeie bedoelings toe aan slegte mense se slegte dade, nie sodat ek hulle kan liefhê nie, maar sodat hulle ook my sleg bedoelde dade, goeie bedoelings moet toedig." "Ek hou mense vas in my mag om my sondes met en teen hulle as goedbedoelde liefdes te glo en aan God die skuld te gee vir al die krenkings, skade, vernieling en vernietiging wat my slegte bedoelings hulle aandoen. As ek hulle verniel moet hulle my kwaad as liefde glo en vir God vra: "Hoekom doen U dit met my?" Om sondes as goedbedoelde foute te glo is mense se magshouding waarin hulle hulle sondes as hulle liefdes bly glo. Daarom minag hulle God vir sy vergifnis van sondes deur ŉ offer te vra vir sonde en sy Seun as die offer vir sonde te gee: sodat hulle hul sondes as goedbedoelde liefdes kan glo waarvoor daar nie offers voor nodig is nie. Wie vergeef, glo in God se vergifnis waar Hy die offer vir ons kwaad bedoelde optredes gee, sodat God ons só in sy liefde kan hou. Wie uit die geloof vergewe, vergewe om mekaar te kan bly liefhê. Wie sondes glo as

goedbedoelde liefde, vergeef niemand nie, maar vang elkeen vas in die mag dat hulle mekaar se sondes as hul goedbedoelde liefdes moet glo. Goedbedoelde liefde waar mense net goedbedoelde foute begaan wat jy kan verskoon en hulle met ŉ jammer kan regmaak, sonder enige offer vir sondes. Wanneer het u al iemand vir berekende sonde wat berekend skade wou aanrig, vergewe? Só vergewe dat u hom of haar kan bly liefhê? Een van die redes hoekom ons mekaar nie vergewe nie, is omdat ons mekaar wil ontsondig – om mekaar as mense met goedbedoelde foute te wil sien sodat ons mekaar se sondes as ons liefdes vir mekaar kan bly glo: “Almal wat verkeerd doen, is goed in die oë van die Here, teenoor hulle is Hy goedgesind.” (Mal. 2: 17) Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus